
 Kobus van Tonder

# Kanola 'n vasbyter soos min

'n Vasbyter soos min. Só besing talle Wes-Kaapse kleingraanboere kanola nou ná die gróót oes van verlede jaar. Ander vrees die gevolge van oorproduksie. Wat sê die feite?



Verlede jaar was 'n goeie een vir kanola. Vir eens het die internasionaal gewilde oliesaad baie boereharte bly gemaak deur te midde van menslike en omgewingsbeperkinge te wys hy kán.

Volgens die Nasionale Oesskattingskomitee se syfers het kanola verlede jaar 'n totale opbrengs van 59 490 ton gelewer wat op 43 510 hektaar verbou is – 'n verhoging van meer as 50% op vorige jare.

'n Merkwaardige prestasie, maar 'n totale verrassing? Geensins. Dit is nou as die reaksie van bedryfsleiers enigsins 'n aanduiding is. Dit is maar net 'n bevestiging van wat hulle nog altyd geglo het: Kanola is meer as net 'n wisselbougewas met koring. Dit is 'n kontantgewas uit eie reg met 'n goeie en stabiele prys en 'n groot afset.

Dit is juis oor die afset wat daar groot kommer by sommige boere heers. Sulke uitermatig groot oeste, sê hulle, lei dikwels tot nie-winsgewende oorproduksie. Die verlede lê vol voorbeelde.

Nie waar vir kanola nie, sê mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting (PNS). Dié organisasie is diep by die produksie van kanola en ander oliesade betrokke.

Hy het juis onlangs weer sy hand diep in die geldsak gesteek om kanolaproduksie aan te moedig. Om verskeie goeie redes het Suid-Afrika kanola bitter nodig.

Dit is lank nie meer net Wes-Kaapse kleingraanboere wat groot baat by kanola kan vind nie. Boere in die noordelike somerreënstreke en besproeiingsgebiede loer ook nou met meer as net nuuskierige oë na dié oliesaadgewas.

'n Aansienlike verhoging in die produksie van kanola hou die belofte van 'n verbeterde rendement vir talle boere in. Saam daarmee sal dit die land se betalingsbalans 'n hupstoot in die vorm van invoervervanging gee en sodoende die landbou se bedingingsposisie vergroot.

Duur voedselolie en oliekoek moet steeds in groot hoeveelhede ingevoer word om in die plaaslike vraag te voorsien. Dit is bykans net so 'n noodsaaklike kommoditeit soos stapelgrane. Gevolglik, sê Scholtemeijer, is dit wat kanola betref, feitlik onmoontlik om 'n surplus te produseer.

Suid-Afrika voer jaarliks meer as 'n miljoen ton proteïene in die vorm van oliekoek in vir gebruik in veevoer en sowat 800 000 ton eetbare olie, waaronder kanola-olie, wat as die wêreld se gesondste kommoditeitsolie beskou word.

Volgens Southern Oil (SOILL) op Swellendam se berekenings word gemiddeld 40% olie en 56% oliekoek vanaf plaaslik geproduseerde en geparste kanolapitte verkry. Verlede jaar se rekord-oes van 59 490 ton sal dus 23 796 ton olie en 33 314 ton oliekoek lewer as alles gepars word.

**Wat kanola betref, is dit feitlik onmoontlik om 'n surplus te produseer.**

Mnr. Deon Joubert, afgetrede landbou-ekonoom en huidige raadslid van die PNS, is deur dié organisasie gevra om 'n studie te doen oor kanola se bestaande sowel as potensiële bydrae tot voedselolies en proteïenvoorsiening vir gebruik in veevoer.

Hy moes ook kyk na die moontlike besparings aan buitelandse valuta wat die plaaslike produksie van kanola teweeg kan bring. Sy verslag is onlangs aan die PNS voorgelê.

Volgens mnr. Kellie Becker, besturende direkteur van SOILL, beloop die invoerpariteitsprys (afgerond) van kanola-olie tans sowat R10 350/ton, terwyl die waarde van die oliekoek in die omgewing van R2 500/ton is.

Die teoretiese waarde van verlede jaar se kanola-oes sal dus R329 573 600 beloop as alles gepars word. Die waarde van die olie is R246 288 600 en dié van oliekoek R83 285 000.

Die totale plaaslike produksie van alle soorte oliekoek het volgens die Vereniging vir Veevoervervaardigers (Afma) se jaarverslag vir 2010/'11 op 624 912 ton te staan gekom. Die bydrae van kanola-oliekoek het 'n skamele 22 825 ton (oftewel 3,65%) beloop.


Verlede jaar se "groot" oes sal kanola se bydrae tot plaaslik geproduseerde oliekoek tot 5,33% laat styg. Dit is as Afma se geraamde plaaslike beskikbaarheid van oliekoek vir 2011/'12 aangepas word en aanvaar word die hele oes word gepars.

Hoe oordrewe die vrese vir oorproduksie van kanola in werklikheid is, blyk veral uit die gewas se geringe bydrae tot die totale hoeveelheid oliekoek wat in die land verbruik word – 1 857 395 ton, volgens Afma se 2010/'11-jaarverslag.

Die verbruik van oliekoek is dus bykans drie keer meer as wat plaaslik geproduseer word. Kanola se bydrae hiertoe beloop minder as 2%. Dit is die spreekwoordelike druppel aan die emmer vergeleke met soja-oliekoek se bydrae van sowat 70% tot die totale oliekoekverbruik.

'n Soortgelyke prentjie geld vir voedselolies waarvan daar, soos reeds genoem is, sowat 800 000 ton jaarliks ingevoer moet word.

Die volgende kwessie is waar die grond-



Verlede jaar se kanola-aanplantings, soos dié aanplanting naby Caledon in die Overberg, het vir 'n reuse-oes gesorg. Van oorproduksie is daar egter nie sprake nie, al vrees sommige boere dit.



Mnr. Gerhard Scholtemeijer



Mnr. Deon Joubert

oppervlaktes vandaan gaan kom om meer kanola te verbou. Immers is voedsel-olie en proteïene te belangrik vir voedselsekerheid om die verskaffing daarvan grootliks aan invoer toe te vertrou.

Volgens kundiges, onder wie prof. André Agenbag, agronoom verbonde aan die Universiteit Stellenbosch, het die Wes-Kaap 'n potensiaal om 100 000 ha kanola te verbou. Verlede jaar se groot oes is op minder as die helfte daarvan verbou, naamlik 43 510 hektaar. Die opbrengs was gemiddeld 1,37 ton/ha.

**Die noordelike besproeiingsgebiede het die potensiaal om 157 500 ton kanola te produseer.**

As die opbrengs danksy verskerpte tegnologie-oordrag en beter kultivars tot 1,5 t/ha verhoog, sal die Wes-Kaap potensieel 150 000 ton kanola op 100 000 ha kan produseer. Selfs so 'n oes sal, volgens bogenoemde vraagsituasie, steeds baie gemaklik van die hand gesit kan word.

## Ander produksiegebiede

Verder noord het dr. Jos de Kock, ook van die PNS, reeds gebiede met 'n goeie potensiaal vir kanolaverbouing geïdentifiseer. Gesamentlik beslaan hierdie gebiede ongeveer dieselfde oppervlakte as wat tans in die Wes-Kaap onder kanolaverbouing is.

Die sentrale besproeiingsgebiede bied, volgens hom, moontlikhede om sowat 30 000 hektaar met kanola te beplant. Die omstreke van Brits, Groblersdal, Atlanta, Koedoeskop en Thabazimbi bied 'n bykomende 15 000 hektaar met goeie potensiaal vir dié gewas.

Hierdie is gebiede waar wintergewasse reeds verbou word. Kanola bied groot moontlikhede om daar as wisselbougewas gebruik te word. Die boere sit reeds met onkruidprobleme – iets waarmee kanola in 'n wisselboustelsel gou en goedkoop kan afreken, sê De Kock.

Volgens konserwatiewe beramings deur hom het die gebiede 'n opbrengspotensiaal van 3 t/ha. Dr. Munro Griessel van Afma meen egter dat 4 t/ha onder besproeiing heeltemal haalbaar is.

Vir sy berekenings het Joubert die middeweg van 3,5 t/ha gevolg. Daarvolgens het die noordelike besproeiingsgebiede die potensiaal om 157 500 ton kanola te produseer. Dit is selfs effens meer as die potensiaal vir die Wes-Kaap.

Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat navorsing oor die potensiaal van kanola in hierdie gebiede maar pas begin het. Trouens, in die koeler sentrale besproeiingsgebiede (langs die Vaal- en Garieprivier) is daar nog nie eens met statisties verantwoordbare proewe begin nie.

Hoewel die belangstelling in kanola groot in daardie gebiede is, meen sommige kundiges, insluitende De Kock, dat dit nog te vroeg is om nou reeds nek uit te steek oor potensiële oppervlaktes en opbrengste.

Sou dié potensiaal tóg verwesenlik word, bied die twee gebiede die moontlikheid om 307 500 ton kanola te produseer – steeds hopeloos te min om in Suid-Afrika se behoeftes aan eetbare olie en oliekoek te voorsien.

Scholtemeijer sê die potensiële aantal hektare is nóg groter as 'n mens kyk na die grond waarop koring tans verbou word. Waar 'n pit koring val, kan kanola ook staan, meen hy. Volgens hom is kanolaolie die gesondste kommoditeitsolie vir huishoudings, voedselverwerkers en die kitskosbedryf. Gevolglik is die vraag na kanola-olie aan die groei, plaaslik en oorsee.

"Ons as kundiges kan na hartelus somme maak, maar op die ou end is dit die produsent self wat besluit wat hy waar gaan plant. Daarin sal hy grootliks gelei word deur stabiele pryse en afset. Ek glo dubbeldoelkanola bied albei.

"In Kanada is kanola 'n groot suksesverhaal. Die produsente daar sê prontuit winsgewendheid is waarom hulle nou meer grond onder kanola as onder koring het. Die wêreld soek kanola," aldus Scholtemeijer.

Hy sê voorts dat as gevolg daarvan én die gunstige tekens in die plaaslike kanolabedryf het die PNS besluit om onmiddellik 'n wetenskaplike studie te laat doen oor die werklike hoeveelheid grond wat vir kanolaverbouing beskikbaar is. Hy vermoed die bestaande beramings is te konserwatief.

Nietemin sal die "konserwatief"-berekende, potensiële oes van 307 500 ton van Joubert, as dit volgens SOILL se gegewens van hierbo bereken word, 172 200 ton oliekoek en 123 000 ton eetbare olie met 'n gesamentlike waarde van meer as R1 700 miljoen lewer. Dit is 'n groot bedrag wat aan buitelandse valuta gespaar word. LB

*Kobus van Tonder is 'n vryskutjoernalis.*